

Onrus en geweld: 2012(1)

1 Algemeen

Die skietdood van Reeva Steenkamp en die gewelddadige en wreedaardige verkragting en moord op 'n tienermeisie, Anene Booysen, beide in Februarie 2013, het geweld teen vroue weer eens in die openbare oog geplaas. Hoewel die regering van mening is dat alles wat moontlik gedoen kan word tans wel gedoen word; byvoorbeeld die omvattende reklameveldtog wat oor 16 dae strek, is daar geen aanduiding dat geweld teen vroue enigsins afgeneem het nie (Anon '16 Days of activism for no violence against women and children' <http://www.infor.gov.za/events/national/16days.htm>). Die aktivisme teen die geweld-teen-vroue-veldtog vind jaarliks plaas en begin op 25 November. Oproepe dat geweld teen vrouens en meisies moet stop, het klaarblyklik ook geen uitwerking nie (sien ook Nasionale Kommissie vir Geslagsgeweld – AK 600 in SK 35535 of 2012-07-27; Anon 'Gender violence must stop: Zuma' <http://www.southafrica.info/about/government/sona2013-rape.htm>). Sedert 2010 het die personeel wat by die voorkoming van familiegeweld en geweld teen vroue in die algemeen betrokke is, aansienlik toegeneem. Gedurende die afgelope finansiële jaar was daar 'n sukseskoers van ongeveer 73% in vervolgings vir geweldsmisdade teen volwasse vroue (ouer as 18 jaar) en 70% vir kinders onder 18 jaar. Die regering oorweeg ook om verdere maatreëls daar te stel, soos onder meer 'n wetsontwerp wat daarop gerig is om vroue teen teistering te beskerm, insluitende teistering deur middel van elektroniese media.

In Maart 2013 het die regering hulself weer eens tot die bestryding van alle vorms van geweld teen vroue verbind (S Bryce-Pease 'SA commits to end violence against women' <http://www.sabc.co.za/news/a/dd2da2804edbc24d2bdfd17cdf0d25/SA> (2013-03-12)). Dié onderneming is op 12 Maart deur die President onderteken en amptelik aan die Verenigde Nasies oorgedra. In die lig van 'n onlangse persvystelling van die Rasse-instituut van Suid-Afrika dat jaarliks ongeveer 2 488 volwasse vroue vermoor word, was die aankondiging noodsaaklik (Williams 'Gender violence concerns us all' *The SA Government Blog* (2013-02-27)). Dit is dus heel ironies dat die President gedurende dieselfde maand (Maart 2013) die uitlating dat Suid-Afrika nie gewelddadig is nie, gemaak het hoewel daar enkele elemente in die land is wat hulself op skokkende wyse gedra (sien Anon 'South Africa is not violent, says Zuma' <http://mg.co.za/article/2013-03-07-psouth-africa-not-a-violent-counry-says-zuma>).

In Januarie 2013 het die Boland en Wes-Kaap onder ongekende plaasonrus en stakings onder plaaswerkers gebuk gegaan (sien ook October 'Niemand gee bes in staking' *Die Burger* (2013-01-14) 1). Hoewel daar verskeie redes vir die uitgebreide opstande was, onder meer swak werksomstandighede, swak dienste en lone, die uitbuiting van plaaswerkers en die voortgesette ongelyke gesagsverhouding wat nog vanuit die voor-grondwetlike bedeling dateer, was daar ook aanduidings van doelbewuste aanhitsing en bewerings dat die aanhitsing politieke ondertone gehad het. Die grootste oorweging was egter die verhoging van lone vir plaaswerkers vanaf R69 per dag tot R105. Landbou-unies het aangedui dat hul nie ongevoelig is jeens die lot van plaaswerkers nie, maar dat 'n uitermate hoë verhoging van lone 'n langdurige impak kan hê op die volhoubaarheid in die algemeen en die indiensneming van plaaswerkers in die besonder. Ten spyte van verskeie pogings om kalmte en vreedsame stakings aan te moedig, het die plaaswerker-stakings met grootskaalse geweld, vernietiging van eiendom en onrus gepaard gegaan.

In September 2012 het onrus tussen mynvakbondfaksies in Marikana in die Noordwes-provinsie uitbreek. Die geweld wat gedurende die mynstaking geheers het, het tot die instel van 'n Kommissie van Ondersoek gelei en 'n negatiewe impak op die Suid-Afrika se ekonomie gehad (Prokl R59 in SK 35730 van 2012-09-28; Prokl R66 in SK 35875 van 2012-11-14; Prokl R4 in SK 36154 van 2013-02-12; Blumenthal 'Arbeidsonrus looi rand' *Beeld* (2013-05-22) 24).

Spesiale maatreëls moes in die Wes-Kaap ingestel word om verskeie voorvalle van taxi-geweld te reguleer (AK 235 in SK 36272 van 2013-03-20; AK 243 in SK 36290 van 2013-03-26; AK 244 in SK 36291 van 2013-03-27; AK 242 in SK 36289 van 2013-03-25; AK 241 in SK 36288 van 2013-03-22; AK 892 in SK 35778 van 2012-10-10; AK 827 in SK 35782 van 2012-10-12; AK 826 in SK 35781 van 2012-10-11; AK 823 in SK 35774 van 2012-10-09).

Die Wet op die Beskerming van Staatsinligting van 2013 is deur die Parlement aanvaar. Die hoofdoel van die Wet is om die klassifikasie, beskerming en verspreiding van staatsinligting te reguleer, wat in effek deursigtigheid van staatsbelange en vryheid van spraak kan beperk. Ten einde die bepalings van die Wet af te dwing, word daar vir aansienlike boetes en tot etlike jare gevangenisstraf voorsiening gemaak. Hoewel die Wet baie omstrede is en daar vanuit die staanspoor ernstige besware daarteen aangeteken is daar dit ongrondwetlike bepalings bevat, is die Wet inderdaad in April 2013 goedgekeur – 190 stemme ten gunste van die Wet, 74 daarteen en 1 persoon buite stemming (sien ook Anon 'Opposition hopes for Secrecy Bill court review' <http://mg.co.za/article/2013-04-25-will-the-secrecy-bill-go-to-con-court> (2013-04-25); Anon 'PSAM requests the President not to sign the Bill into law' <http://www.ru.ac.za/latestnews/name,82630,en.html> 2013-05-03). Die verwagting (en wens) is egter dat President Zuma ingevolge artikel 79 van die Grondwet die Wet na die Nasionale Vergadering sal terugverwys en dat dit daarvandaan na die Grondwetlike Hof sal gaan. Indien die proses egter nie gevolg

word nie, sal die Wet in elk geval in alle waarskynlikheid na die Grondwetlike Hof verwys word – moontlik deur opposisiepartye of die gemeenskapsorganisasies (Joubert 'Opposisie wil die Muilbandwet so stuit' <http://m.news24.com/beeld/Suid-Afrika/Nuus/opposisie-wil-die-muilband-wet-so-stuit-20130429>; Anon 'Civil society prepares for battle as Secrecy Bill passed' <http://www.corruptionwatch.org.za/content/civil-society-prepares-battle-secrecy-bill-passed> (2013-04-26). Een van die grootste besware teen die Wet is dat dit nie 'n bepaling bevat waardeur persone wat inligting in openbare belang bekend maak, beskerm word nie. Verder is die omskrywing van nasionale veiligheid baie wyd sodat bykans enige inligting binne die strekwydte daarvan kan val. Daar is verder ook vrese dat die Wet in die praktyk aangewend kan word om ongerymdhede, misbruik van gesag en korrupsie in staatsgeledere te verdoesel. Hoewel die eindproduk al heelwat beter is as die vorige pogings – veral die November 2011-weergawe en hoewel belangrike wysigings intussen aangebring is, is daar nog steeds ernstige grondwetlike besware teen die finale Wet (Makinana 'Secrecy Bill could be made law by June' <http://mg.co.za/article/2013-02-26-secrecy-bill-could-become-law-by-june>). Die Wet kan steeds as 'n instrument van geheimhouding gebruik word – in 'n oop, demokratiese bestel is daar nie plek vir maatreëls soos dit tans geformuleer is nie.

In hierdie aantekening word vervolgens maatreëls en hofsake ten aansien veiligheidsdienste, wapens en terrorisme bespreek.¹

2 Veiligheidsdienste

2.1 Polisie diens

Die tydperk van verslag is deur verskeie voorvalle van polisiegeweld gekenmerk. Daar was selfs bewerings dat polisiegeweld gewoon net 'n manifestasie van die gewelddadige Suid-Afrikaanse gemeenskap in die algemeen is (Nkosi 'South African police 'brutality' sign of violent society' BBC News, Johannesburg <http://www.bbc.co.uk/news/world-africa-21634897> (2013-03-01)). Buiten die moord van Andries Tatane, 'n persoon wat in Ficksburg in die Vrystaat geïnteressêre was teen swak munisipale watervoorsiening en 'n groot aantal mynwerkers (34) wat gedood is tydens die Marikana-staking gedurende Augustus 2012, is 'n taxibestuurder – Mido Macia van Mosambiek onlangs op wreedaardige wyse gedood toe hy agter 'n polisievoertuig geleep is (sien Anon 'South Africa is not violent, says Zuma' <http://mg.co.za/article/2013-03-07-south-africa-not-a-violent-country-says-zuma>).

Kennis van voorneme om 'n *Criminal Law (Forensic Procedures) Amendment Bill*, 2013 by die parlement in te dien is gepubliseer (AK 435 in SK 36415 van 2013-04-26). Die wetsontwerp het ten doel om die neem van DNA-monsters van persone

¹In hierdie joernaal word die belangrikste beleid, wetgewing, verslae en hofbeslissings vir die periode 2012-09-01 tot 2013-04-30 bespreek.

te reguleer. Die Wetsontwerp beoog om die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie-diens 58 van 1995 te wysig deur voorsiening te maak vir 'n Nasionale Forensiese DNA Databasis van Suid-Afrika wat sal bestaan uit 'n 'Crime Scene Index', 'n 'Arrestee Index', 'n 'Offenders index', 'n 'Volunteers Index' en 'n 'Elimination Index'. Daar sal verder voorsiening gemaak word vir parlementêre toesig oor die databasis deur die instelling van 'n 'National Forensic Oversight Board'.

Die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisie-diens 10 van 2012 het op 14 September 2012 in werking getree (Prokl 52 in SK 35695 van 2012-09-14).

2.2 *Korrektiewe dienste*

Daar is klaarblyklik grootskaalse verskille tussen verskillende gevangenisse wat die omstandighede daarin en die fasiliteite betref. Terwyl dit voorkom of veral kinders in gevangenis swaarkry, is daar ander gevangenis waar gevangenes baie goed behandel word en waar daar amper 'n 'vakansie-atmosfeer' heers. Die voorsitter van die Parlementêre Portefeuljekomitee – Korrektiewe Dienste – het sy misnoë te kenne gegee nadat hy 'n verslag ontvang het waarin uiteengesit is dat daar in sommige tronke DSTV gekyk word, selfone gebruik word en peperduur drank gebruik word (Anon 'Prisoners get DSTV, drink cognac' <http://www.news4.cm/ouhfrica/New-Prisoners-get-dstv-drink-cognac-20130509> (2013-05-09)). Bogenoemde is in skrilke kontras met die haglike omstandighede waarin sommige kinders hul bevind (Hosken 'Child prison hell' <http://www.timeslive.co.za/thetimes/2013/01/09/child-prison-hell> (2013-01-09)). Onder die skokkende inligting wat bekend gemaak is, is onder meer dat kinders tot 120 dae verhoorafwagend is, dat kinders van skoolgaande ouderdom nie skoolopleiding kry nie; dat 85% van persone wat met kinders in gevangenis werk, nie daarvoor opgelei is nie; dat 39% van die kinders vir 'n tydperk van tot drie maande nog geen besoek van enigiemand ontvang het nie; dat bewaarders en personeel geen moeite doen om te verseker dat kinders met hul families in kontak bly nie en dat kinders wat selfs nog nie eens gevonnissen is nie geen toegang tot sielkundige hulp het nie. Elke kind het toegang tot 'n ruimte van ongeveer 3,3 vierkante meter, wat heelwat minder is as die voorgestelde internasionale ruimte.

Ten spyte van die groot aantal persone in Suid-Afrikaanse gevangenis, is daar, interessant genoeg, nietemin duisende persone wat reeds gevonnissen is en wat hul straf buite gevangenis uitdien. Daar is tans ongeveer 63 240 sodanige 'gevangenes' (Sapa '63 240 criminals serving time outside prison' <http://mg.co.za/article/2013-03-10-63-240-criminals-doing-time-outside-prison> (2013-03-10)). Van die oorhoofse getal is daar 48 323 op parool en 14 917 wat op voorwaardelike vrylating (probasie) is (wat nie hoef aan te meld nie). Elke maand word ongeveer 23 000 persone vrygelaat en ongeveer 25 000 nuwe gevangenes in gevangenis opgeneem.

Hoewel daar heelwat probleme is wat gevangenes in die algemeen in gevangenis ervaar, is daar die afgelope tyd veral drie aspekte benadruk: (a) die

geweldige toename in tuberkulose in Suid-Afrikaanse gevangnisse; (b) die besondere uitdagings wat daar aan gestremde gevangenes gestel word en (c) oorvol gevangnisse. Tuberkulose stel besondere uitdagings aan korrektiese dienste owerhede aangesien die virus maklik deur die lug versprei en dat persone steeds geïnfekteer word ten spyte van grootskaalse siftings en vooraftoetsing wat plaasvind (Mposo 'Overcrowded jails a "breeding ground" for TB' *Cape Argus* (2013-03-25) 9). Die arrest van die para-olimpiese atleet, Oscar Pistorius, vir die skietdood van Reeva Steenkamp (sien hierbo), het die uitdagings waarmee gestremde gevangenes worstel, ook na vore gebring (Raphaeley 'Oscar Pistorius case highlights plight of South Africa's disabled prisoners' *The Guardian* (2013-02-22) 12). Daar is in die algemeen nie geriewe vir parapleë in gevangnisse nie, geen of baie min rolstoel en geen ondersteuning wat bad- en wasgeriewe betref nie. Dit doen geweldig afbreuk aan 'n gestremde gevangene se menswaardigheid. Dit is verder 'n welbekende feit dat Suid-Afrikaanse gevangnisse oorvol en beknop is (sien ook Sapa 'SA prisons most crowded in Africa – minister' <http://www.citypress.co.za/news/sa-prisons-most-crowded-in-africa-minister/> (2013-02-11); Z Venter 'Inmates want prison conditions improved' *Pretoria News* (2013-02-04) 10).

2.3 Verdediging

Die Weermag is ingeroep tydens stakings by myne in Marikana (GK 771 in SK 35701 van 2012-09-18). 'n Militêre vakbond is ook gestig (AK 975 in SK 35909 van 2012-11-30).

3 Wapens

Die Wetsontwerp op Gevaarlike Wapens, 2012 handel in die breë oor die vertoon en gebruik van gevaarlike wapens in openbare plekke en byeenkomste. Dit het hoofsaaklik drie oogmerke: eerstens, om die verskillende wetgewing wat weens historiese redes ontstaan het, te rasionaliseer en in een oorkoepelende wet alle maatreëls wat nasionale werking het, op te neem; tweedens, om daarvoor voorsiening te maak dat replikas en namaaksels van wapens, insluitende speelgoedgewere vir bepaalde doeleindes ook onder die Wet val; en derdens om daarvoor voorsiening te maak dat daar vir bepaalde gevalle en in bepaalde omstandighede uitsonderings op beletsels gemaak kan word (AK 870 in SK 35815 van 2012-10-23; Anon 'Police Committee adopts Dangerous Weapons Bill' <http://www.info.gov.za/speech/DynamicAction?> 2013-03-12). In beginsel kom dit daarop neer dat persone wat onder verdagte omstandighede in besit van sulke wapens betrap word, gearresteer kan word en dat selfverdediging nie as verweer in hierdie gevalle geopper kan word nie. Dit verbied nie alle soorte wapens nie. Dit is byvoorbeeld steeds moontlik dat vroue pepersproei in hul besit mag hê.

Die Wet moet verder ook met die *Gatherings Act* 205 van 1993 saamgelees word. Die Wet verbied nie net wapens *per se* tydens vergaderings en byeenkomste

nie, maar ook enige voorwerp wat as 'n wapen gebruik kan word (byvoorbeeld bakstene en glasstukke). Tydens beraadslaging by en voorleggings aan die Parlementêre Komitee, is daar egter uitdruklik versoek dat tradisionele voorwerpe wat tydens bepaalde seremonies gebruik word, nie ook verbied word nie. Voorwerpe van 'n godsdienstige of rituele aard mag dus wel by seremonies of byeenkomste van hierdie aard, aanwesig wees. Daar word tans aan 'n omvattende proses gewerk om die Wet sinvol en effektief te implementeer.

Pogings om die besit van wapens verder te reguleer, hou verband met 'n oorhoofse poging om wapens en hulle getalle in die algemeen te verminder. Wapenstatistiek wat in Mei 2013 bekendgemaak is, dui aan dat daar daaglik ongeveer 18 persone in Suid-Afrika doodgeskiet word (sien in die algemeen *Fast Facts on Guns in SA* <http://www.gca.org.za/HomePage/tabid/1120/ctl/Details/mid/8229/ItemID/1177> (Mei 2013)). Hoewel dit steeds geweldig baie mense is, is dit blykbaar die helfte van die getal mense wat byvoorbeeld in 1998 per dag geskiet is. Die meeste persone wat geskiet word, is mans (89% van die slagoffers teenoor 11% vroulike slagoffers). Hoewel minder vroue doodgeskiet word, speel wapens steeds 'n baie groot rol by misdade waar vroue slagoffers is, byvoorbeeld gedurende rooftogte of verkragtings. Daar is tans 1,8 miljoen mense in Suid-Afrika wat geldige wapenlisensies het – dit is 2,4 miljoen minder as in 1994. Daar is tans net oor die 3 miljoen wettige wapens in die land teenoor 3,5 miljoen wettige wapens in 1999.

Hoewel daar taamlke betroubare data oor wettige wapens en lisensiehouers bestaan, is dit steeds onseker hoeveel onwettige wapens in die land is. Daar is verskeie redes hoekom daar nog steeds so baie onwettige wapens in omloop is, ten spyte van strengere regulering sedert 2000 (Anon 'The reasons why there are so many guns in South Africa' <http://www.news24.com/MyNews24/The-reasons-why-there-are-so-many-guns-in-South-Africa-20130222>). Onder die redes is: gelisensieerde wapens word van hul wettige eienaars gesteel en dan weer verhandel (hoewel groot hoeveelhede wel deur die polisie teruggevind word – blykbaar tot tweederdes daarvan); die diefstal van wapens wat onder die beheer van owerheidsweë is (bv vanuit polisie- of weermagstore); bewerings dat daar nog heelwat wapens wat destyds deur die ANC voor 1994 opgehoop is, in omloop is (die presiese getalle is onseker) en die smokkel van wapens vanuit die buurlande tot in Suid-Afrika (groot getalle wapens word blykbaar veral vanaf Mosambiek na Suid-Afrika gesmokkel). Dit wil voorkom of daar altesaam (beide wettige en onwettige wapens) ongeveer 6 miljoen vuurwapens in Suid-Afrika is, ongeveer 12 wapens vir elke 100 mense (Anon 'Ten things about guns in South Africa' *Mail and Guardian* (2012-02-22) 3). Alle aanduidings is daar dat Suid-Afrikaners in vrees vir misdaad leef (sien Anon 'Fear and self-arming in South Africa' *The Guardian* (2013-02-14) 6). Om hierdie rede word daar grootskaals wapens aangeskaf en van private sekuriteitsdienste gebruik gemaak. Solank dit die geval is, gaan 'n groot hoeveelheid wapens in omloop bly. Aan die einde van Desember het die Nasionale Kommissaris van die

Suid-Afrikaanse Polisie diens aangekondig dat alle wapens en ammunisie wat vrywillig aan die polisie diens oorhandig is, vernietig gaan word (GK 1117 in SK 36043 van 2012-12-28).

Daar was ook weer eens versoeke dat die Wapenkommissie ondersoek moes word. Bewerings van ondeursigtigheid en verskuilde agendas in die Seriti-Kommissie van ondersoek na destydse wapentransaksies het daartoe gelei dat Patricia de Lille, burgemeester van Kaapstad, versoek het dat 'n ondersoek na die Seriti-kommissie ingestel moes word (sien Kruger en Mbanjwa 'Bekyk wapenkommissie, sê De Lille' *Die Burger* (2013-01-20) 4). Die nuutste versoek is gerig nadat een van die ondersoekers in die Kommissie sy bedankingsbrief ingehandig het. Dit het onder meer die Kommissie se integriteit in gedrang gebring.

Die Wet op die Verbod op Beperking van Sekere Konvensionele Wapens 18 van 2008 en die Wet op die Implementering van die Geneefse Verdrag 8 van 2012 het op 1 Desember 2012 in werking getree (Prokl 68-69 in SK 35928 van 2012-11-30).

4 Terrorisme

Die President het kragtens artikel 25 van die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite 33 van 2004 verskeie gewysigde lysste van die identiteit van terreur of moontlike terreurorganisasies of lede daarvan wat as sodanig deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies, geïdentifiseer is, afgekondig (Prokl 1 in SK 36055 van 2013-01-04; Prokl 64 in SK 35807 van 2012-10-23; Prokl 57 in SK 35713 van 2012-09-26).

Willemien du Plessis (NWU Potchefstroom)

Juanita Pienaar (US)

Nic Olivier (UP)